



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2018**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3**

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**



---

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:  
AFDELING A: Opstel (50)  
AFDELING B: Langer transaksionele teks (30)  
AFDELING C: Kort transaksionele teks (20)
2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.
3. Skryf in die taal wat jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou skryfstuk beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloiediagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Trek 'n streep deur jou beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
7. Beplan jou tyd só:  
AFDELING A: 80 minute  
AFDELING B: 40 minute  
AFDELING C: 30 minute
8. Nommer elke skryfstuk soos wat dit op die vraestel genommer is.
9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.
10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL****VRAAG 1**

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1 Jou ma en haar susters het 'n argument gehad en praat al vir jare nie met mekaar nie.

Vertel in 'n interessante opstel waarom die argument gegaan het en hoe dit julle as 'n uitgebreide familie affekteer.

**[50]**

1.2 Bloedskenking ... dit kan 'n lewe red!

**[50]**

1.3 'n Toekoms om na uit te sien.

**[50]**

1.4 Begin met die volgende woorde as titel:

My vriend(in)/suster/broer/ma/pa se foute het my oë oopgemaak.

**[50]**

1.5 Is dit die moeite werd om na skool oorsee te gaan of moet ek dadelik begin studeer – ja of nee?

**[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daarvoor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van die opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1



[Bron: [www.google](http://www.google.com) images.com 2018]

**[50]**

1.6.2

[Bron: *Fresh Living*: November 2017]

[50]

1.6.3

[Uit: *Huisgenoot*, Julie 2017]

[50]

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS****VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

**2.1 BEDANKINGSBRIEF**

Skryf 'n bedankingsbrief aan 'n onderwyser(es) wat 'n baie belangrike rol in jou skoollewe gespeel het.

**[30]****2.2 HULDEBLYK**

Jou gunstelingtante/-oom is na 'n kort siekbed oorlede. Jy is gevra om namens die niggies/neefs 'n huldeblyk by die begrafnis te lewer. Skryf nou die huldeblyk neer wat jy by die begrafnis gaan lewer.

**[30]****2.3 AGENDA EN NOTULE**

Dit is ses weke voor jou skool se matriekafskeid. Jy is die sekretaris/sekretaresse van die matriekdanskomitee. Julle het alreeds 'n jaarlikse vergadering gehad. Skryf nou die notule van die vergadering neer.

Gebruik die onderstaande agenda om die notule op te stel.

1. Opening en verwelkoming
2. Register en verskonings
3. Notule van die vorige vergadering
4. Nuwe sake: Fondsinsameling  
Dekor  
Uitnodigings  
Spyskaart (menu)  
Algemeen
5. Datum van nuwe vergadering
6. Afsluiting en bedanking

**[30]****2.4 DIALOOG**

Jy het 'n belangrike afspraak as gevolg van 'n misverstand gemis. Skryf nou die dialoog tussen jy en die persoon met wie die afspraak was waar jy om verskoning vir die misverstand vra.

**[30]****TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS****VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daarvoor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

**3.1 ADVERTENSIE**

Jy wil gedurende die Desembervakansie graag die nuwe graad 8's afrig om plek in die skool se eerste krieketspan/tennisspan/swem ensovoorts te behaal.

Ontwerp nou 'n advertensie waarin jy graad 8 leerders uitnooi om jou sportkliniek by te woon.

**[20]****3.2 POSKAART**

Jy neem deel aan die Tropica realiteitskompetisie waarin julle 'n paar weke saam met bekendes op 'n eiland deurbring.

Stuur 'n poskaart aan jou beste vriend(in) by die huis waarin jy 'n paar hoogtepunte oor die eiland deel.

**[20]****3.3 INSTRUKSIES**

Jy het vir 'n kompetisie, genaamd **Toptienwenke: hoe om jou matriekpunte te verbeter** ingeskryf waarin jy groot pryse kan wen.

Skryf nou die wenke (7–10) in die vorm van instruksies neer.

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**  
**GROOTTOTAAL: 100**



